

Ons leef met en vir Here. Ons beleef Hom nie

ds. PJ Kriel

13.03.2022

Inhoud Christus verlos ons om vir God te leef. Ons deel een lewe met Christus as mens in die hemel. Só behoort aan Hom en daarom leef ons ons menslike lewe vir Hom. Wat ons as mens is, is ons saam met Hom en vir Hom! Wat ons as mens doen, doen ons saam met Hom en vir Hom! Goddeloses wil nie hul menslik lewe vir God leef nie. hulle wil God self beleef: hulle wil alles wat Hy as god in Homself is, as hul eie lewe en lewe, beleef.

Skriflesing Rom. 5:17, 6: 4 – 11; 14: 7 - 9

Teks Rom. 14: 8 As ons leef, leef ons immers vir die Here

Tema Ons leef met en vir Here. Ons beleef Hom nie.

1. Ek wil graag vanoggend aansluit by die Nagmaalspreek van verlede Sondag. Deur die tekens van die Nagmaal het die Here aan ons weer bevestig dat ons is sy liggaam. Hy het deur sy krag as God ons ingesluit en verenig om wie Hy as mens is en wat Hy vir ons gedoen het met hom te deel.

Daarom verklaar Paulus in Romeine 6 dat ons saam met Christus in sy dood begrawe, saam met Hom gekruisig is en saam groei met Hom in 'n opstanding soos Syne. Bedoelende Hy was ons straf en oordeel vir sonde en ons deel wat Hy in ons plek vir ons was en vandag is.

Vanoggend wil ons kyk hoe dit ons lewenswyse verander omdat ons Christus se liggaam is!

Die wyse waarop ons anders leef, is dat ons nie meer vir onself leef nie, maar vir die Here. Dit stel Paulus duidelik in Rom. 14: 7 en 8. Ons leef en sterf nie meer vir onself nie, maar ons leef en sterf vir Jesus Christus ons Here.

Om vir die Here te leef, is toewyding aan die Here. Daarom is toewyding meer as net om die Here te loof, te eer, te dank en te aanbid. Dit is om vir die Here die lewe wat jy leef vir Hom te leef.

Ons wy ons lewe aan die Here. Toewyding aan die Here openbaar die verskil tussen om vir God te leef en God net te wil beleef. Om God te wil beleef is glad nie toewyding aan God nie. Om God te wil beleef is niks anders as om te maak dat God Homself aan jou oorgee nie. Om vir God te leef en God Homself aan jou te laat oorgee, is en kan nooit dieselfde wees nie.

2. Ons kan dit verduidelik met die verbintenis tussen ouers en kinders.

Leef ouers vir hulle kinders of beleef hulle hul kinders, en wat is die verskil?

Ouers leef vir hulle kinders! Hulle werk om vir hul kinders kos en blyplek te gee. Hulle vat hulle skool toe en pas hulle hele lewe in by hul kinders se skoolprogram sodat hulle kinders geleerdheid kan kry. Hulle slaap en is wakker volgens hul kinders se behoeftes sodat hul kinders die hele tyd versorg is. Hulle maak hul eie vriende volgens hul kinders se maats. Hulle verander hul slegte gewoontes om vir hul

Ons leef met en vir Here. Ons beleef Hom nie

kinders 'n goeie voorbeeld te wees. Hulle is die hele tyd ingesteld oor hoe hul kinders voel en dink sodat hulle hul kinders reg kan begelei en ondersteun. Hulle sien hul kinders se nukke en neigings en voed hulle op hoe om reg te leef.

So leef ouers vir hul kinders!

Wat vir 'n ding is dit as 'n ouer kinders wil beleef?

Die duidelikste voorbeeld wat ons help om hierdie drif te kan verstaan die persoonlikheidsafwyking wat narsisme genoem word – wat niks anders is as selfliefde nie. Selfliefde werk só! Dit is die ingesteldheid dat kinders jou goed oor jouself moet laat voel as ouer: jy wil graag soos 'n ma voel en kinders laat jou soos 'n ma voel. Jy wil graag soos 'n pa voel en kinders laat jou soos 'n pa voel.

Hulle moet jou goed oor jouself laat voel! Dit is totaal iets anders as om goed te wees vir kinders en goed te doen aan kinders. Dit is 'n selfgerigtheid waarin hulle jou oor jouself moet goed laat voel en nie 'n ingesteldheid om goed te doen nie.

Wat is die ding om kinders graag te wil beleef? Dit is om deur kinders gewaarwordinge en aandoenings oor jouself te beleef! Hulle laat my lekker voel oor myself! Ek wil myself in hulle beleef en myself in hulle inleef. Die sieklike van hierdie gewaarwordings en aandoenings wat jou oor jouself kry in kinders, is dat dit totaal uit voeling is met wie hierdie kinders regtig en en wat hulle regtig voel en dink.

En dit is die verskil om met kinders te leef en om kinders te wil beleef: om goed te wees en goed te doen as ouer vir kinders teenoor om deur kinders goed te voel oor jouself! Dit is die verskil om 'n welbehag te hê in wie kinders self is, en nie om gewaarwordinge en aandoenings oor jouself deur hulle te ervaar nie.

Dit is die diepste rede vir baie tienerswangerskappe: ons wil goed voel oor onself al gaan ons niks vir die kinders kan doen nie. Ons wil nie vir kinders leef nie. Ons wil kinders beleef!

3. Christus verander ons lewenswyse van mense wat God wil beleef na mense wat vir God wil leef deur ons sy liggaam te maak.

Ons leef met Christus vir God! Ons deel een lewe met Christus.

Christus leef vandag sy menslike lewe vir God! Kyk of u dit in hierdie vers kan hoor in rom. 6: 10: "Want die dood wat hy gesterf het, het Hy ter wille van sonde eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God!"

Die lewe wat Christus vandag as mens in die hemel leef, leef Hy vir God! Hy leef om Middelaar te wees. Hy leef om vir ons die Een mens te wees volgens Romeine 5 om die genade van God vir ons meer te maak as ons sonde; om vir ons die die Een mens te wees wie die veroordeelde is sodat ons vir God regverdig is; om die Een mens te wees wat die gehoorsame is vir hulle wat nie gehoorsaam kan wees nie en die Een mens te wees deur wie ons ewig vir God in sy liefde leef.

Ons leef met en vir Here. Ons beleef Hom nie

Ons deel hierdie lewe wat Christus vir God só leef, met Hom. So deel ons en Christus een lewe.

En omdat ons een lewe deel behoort ons aan die Here.(Rom. 14: 8) Om aan die Here te behoort is iets anders as om sy besitting te wees. Om aan die Here te behoort beteken Hy het ons lief en laat ons in sy liefde met Hom leef. Om aan die Here te behoort, beteken ons wil hê Hy moet ons liefhê en wil in sy liefde leef. Paulus verklaar in Rom. 8: 39 dat hy oortuig is dat niks in of buite die skepping hom van God se liefde in Christus Jesus die Here kan skei nie.

Om aan die Here se liefde te behoort is die vervulling van die Abrahamsbelofte soos Pauls dit in Rom. 4 beskryf. God is God met ons in sy liefde. God laat ons sy geliefde kinders wees wat in sy liefde leef.

Omdat ons aan die Here behoort wil ons ook aan Hom toebehoort: ons wil hê Hy moet ons Here wees; ons wil saam met Hom in sy liefde leef; ons wil hoor wat sy wil is en ons wil Hom liefhê volgens sy wil.

4. Ons deel een lewe met Christus, behoort aan hom en daarom leef ons ons lewe vir Hom.

Wat ons is, is ons saam met Hom en vir Hom!
Wat ons doen, doen ons saam met Hom en vir Hom!

Dit is toewyding aan die Here – om wat ons is saam met Hom en vir Hom te wees en wat ons doen, saam met Hom en vir Hom te doen.

Dit is hoe ons elke deel van ons lewe vir Hom leef. Dit sluit alles in wie ons is en wat ons doen. Ons staan in die oggende op vir Hom; ons was en maak onself skoon vir Hom; ons doen elke soort werk wat elkeen wat ons doen vir Hom as ons diens aan Hom; ons is alles wat ons vir mekaar as mense is, ouers, kinders, werkgewers, werknemers, regeerders, burgers – vir Hom. Paulus beskryf dit in rom. 14 selfs as wat ons besluit wat ons eet of wat ons nie eet nie, doen ons vir Hom, want Hy is in alles met my en laat my vir Hom leef.

En hierdie is presies die teenoorgestelde as 'n goddelose lewe waar mense net vir hulle self leef en vir hulle self sterf. Want hulle deel nie een lewe met die Here nie. Hulle leef hulle eie lewe los van die lewe van die Here. Hulle behoort net aan hulle self en nie aan die Here nie en daarom leef hulle net vir hulle self en nie die die Here nie.

5. Goddeloses wil nie vir God leef nie. Hulle wil God beleef.

Dit is net soos ons voorbeeld van ouers wat nie vir hulle kinders wil leef nie, maar hulle wil beleef. Mense wil God beleef om goed te voel oor hulle self, nie om vir God te leef nie.

Goddeloosheid wil God ervaar. Ons hoor hierdie goddeloosheid van kleinsaf asof dit godsdiens is.

Ons leef met en vir Here. Ons beleef Hom nie

Die een manier van hierdie goddeloosheid klink só! God kan jou gelukkigheid laat beleef; God kan jou die sin van jou lewe laat beleef; God kan jou laat verstaan wat die plan van jou lewe is; God kan jou sonder bekommernisse en swaarkry laat leef; God kan jou welvarend en sonder siektes laat leef! En dan noem hulle dit die geheim van die ware lewe wat jy moet ontdek!

Die geheim van godsdiens is hivolgens dat God jou goed oor jouself gaan laat voel!

Die wyse waarop God dit dan volgens goddeloses moet doen, is net soos met die persoonlikheidsversteuring van narsisme of selfliefde!

God is iemand wat jou geestelike gewaarwordinge en aandoenings laat beleef wat jou oor jouself goed laat voel. God sal jou laat voel jy is deel van sy goddelike krag, sy goddelike mag, sy goddelike lewe, sy goddelike gesag, sy goddelike wil, sy goddelike raadsplan en voorsienigheid met sy skepping. Met hierdie ervarings en belewenisse van God, kan jy dan goed voel oor jouself!

Jy kan voel jy is bemaagtig om alles te kan dink, voel en doen wat jy wil want jy het God in lewe!

6. Die Here Jesus laat ons nie God beleef nie. Hy sluit ons in by wie Hy as mens is om een lewe met Hom as mens te deel, om aan Hom te behoort en vir Hom as Here te leef!

Jesus Christus laat ons nie God só beleef dat ons voel ons is self goddelik soos Jesus nie. Hy laat ons vir God, die lewe wat Hy as God vir ons gee met Hom as God en vir Hom as God leef. En dit is diensbare werke! Goeie werke! Nie magtige selfbelewenisse nie!

Ons kan die verskil tussen met en vir God leef teenoor God beleef toelig met nog 'n voorbeeld, met apologie aan oupas en oumas vir die eensydigheid van die voorbeeld. Ouers en kinders leef met en vir mekaar. Kleinkinders leef nie saam met oupas en oumas nie. Hulle kuier by hulle en het mooi oomblikke saam. Hulle spaar mekaar van wie hulle gewoonweg is vir mooi oomblikke saam. Maar hulle kan gewoonlik nie saamleef nie, want die oupas en oumas het nie krag vir hulle nie. As hulle klaar getrakteer is moet hulle weer huis toe gaan.

Wie is Jesus Christus die Here? God met ons of 'n oupa by wie ons gaan kuier Sondae? Jesus Christus is God met my en deel as mens een lewe met my. Hy leef met my en laat my lewe aan sy liefde toegewy wees. Daarom laat Hy my my lewe vir Hom leef. Jesus Christus laat ons nooit vir God beleef nie. Hy maak nooit God se goddelike krag, mag, lewe, gesag wil en persoon ons eie nie.

7. Paulus beskryf in Rom. 1: 18 – 32 hierdie belewenis wat mense met God wil hê as afgodsdiens. Goddeloses maak van God 'n beeld in 'n tempel en beleef hier sonder God, en juis om God weg te leef uit hulle lewe, mooi oomblikke met hulle afgod waardeur hulle goed voel oor hulle self.

Ons leef met en vir Here. Ons beleef Hom nie

Met hierdie afgod kan hulle nooit saam leef, nooit vir Hom leef nie want hy of sy is nooit God met jou nie. 'n Afgod is altyd god-binne-in-mense. Dit is die tipe god wat jy in jou eie gedagtes, gevoelens, en aandoeninge met jou binne in jou saamdra, nadat jy met hom mooi godservarings gehad het, net soos met 'n oupa en oma.

Jesus Christus is nie ons afgod wat ons in ons harte saamdra nie. Hy is god met ons en deel een lewe met ons as mens in die hemel sodat Hy só ons aan Hom self toewy. Ons behoort aan Hom deur ingesluit te wees en te leef in sy liefde vir ons. Omdat Hy só God met ons is, kan ons ons lewe vir hom leef.

In hierdie kuier-god, beleef-god het daar die laaste paar jaar 'n verskuiwing gekom in wat se ervarings goddeloses as goddelike ervarings wil beleef. Hulle wil nie meer God self beleef nie, want hulle glo nie meer in Hom nie. Hulle wil net die grootsheid van die skepping as hulle spirituele belewenisse ervaar.

Volgens ons voorbeeld is dit kleinkinders wat op oupa se plaas wil gaan kuier. Nie om saam met oupa te wees nie maar omdat dit lekker op die plaas is. Op die plaas kan jy trekker ry, jag, in die rivier swem en in die aande onder die sterrehemel buite slaap. Só kan hulle nie eers vir oupa onthou nie, maar dink hulle altyd daaraan hoe lekker die op die plaas was.

Goddeloses wil nie meer vir God beleef nie, nie meer God op sy plaas beleef nie. Hulle wil net God se skepping, sy plaas beleef.

Langs 'n rivierstroompie wil hulle spirituele rustigheid beleef. Onder die oop sterrehemel wil hulle spirituele verwondering beleef. Met voëlgeluide wil hulle spiritueel aangegryp word. Tussen berge wil hulle spiritueel oorweldig word en tussen wilde diere in 'n wildtuin wil hulle spirituele opgewondenheid oor die lewe ervaar.

Geestes-aandoeninge en spirituele belewenisse waarin God se plaas, sy skepping jou goed laat voel oor jouself.

Jesus Christus is nie ons spirituele ghoeroe wat ons ervarings van God laat beleef nie. Jesus Christus is God met ons wat ons een lewe met Hom as mens laat deel sodat ons ingesluit is en in God se liefde leef.

Christus wy ons aan sy liefde as God toe sodat ons met en vir God kan leef.

Ons leef vir die Here. Dit is hoe ek is wie ek is en hoe doen wat ek doen!